VERJAARSDAE : 6 TOT 12 APRIL 2008

04/06	PIERRE	BLIGNAUT	KRUGERLN 141	664 3899	16Aa
04/06	MANDY	GOUWS	STRELITZIA WS 2.	664 7605	04Ab
04/08	ORETTE	ALEXANDER	4DE STRAAT 13	083 663 9130	02Aa
04/08	HELÉT	VAN DER WALT	SMUTSLN 288	083 556 0532	03Ab
04/09	JUANÉLL-MARÍ	DU PREEZ	MOLTENOWEG 40	664 2353	10Ab
04/09	ANÉ	STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	664 1451	03Ab
04/10	HENNIE	HAUPT	LANGEBRINKWEG 49	664 3254	15Ab
04/11	MARIKE	HEWSON	GLOVERLN 196	664 3282	26Aa
04/11	ANNEMARIÉ	ISKE	CHARIS 14 BASDENLN 228	082 418 7165	26Aa
04/11	JULIA	BOTHMA	DE LA REYWEG 20	664 4403	22Aa
04/12	HYNO	HAFELE	CANTONMENTSWEG 2	664 3783	13Ab

HUWELIKHERDENKING

VRYDAG, 11 APRIL

JOHAN EN RETHA WESSELS	KRUGERLN 177	664 2303	11Ac

HADASSA-KONFERENSIE
18 tot 19 April 2008

By die deure is inligting en inskrywingsvorms beskikbaar oor hierdie konferensie. Die mans het ‘n soortgelyke konferensie gehad met groot welslae.

Indien daar nie genoeg inligtingstukke en inskrywingsvorms beskikbaar is nie, is u welkom om Max te skakel vir ‘n kopie. (664-3629)

FEESBUNDEL 2008 : PEILING

In die banke is daar blou vorms waarop ons graag ‘n peiling wil maak vir bogenoemde bundel. Sal u asseblief so vriendelik wees en dit voltooi indien u belangstel om hierdie bundel te bekom.

Die tyd begin uitloop en u sal ons help indien u so gou as moontlik u vorm voltooi. Dit sal gebruik word om kostes te bepaal asook vir die beplanning van die aantal boeke wat bestel moet word.

Plaas hierdie vorm asseblief in die kolllektebord of in die konsistorie in die mandjie langs die telefoon.

Baie dankie vir u samewerking.

Daardie VHS bande met al die herinneringe op kan ek vir u oorsit na DVD toe net vir (R70 Per VHS Tape)

Die LP's kan ek ook oorsit na CD toe vir net (R50 Per LP)

Het u dalk sulke diens nodig kontak Thalia Horn by die volgende nommers: 082 450 1629 OF 012 653 7547

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos
FAMILIENUUS
Sondag, 6 April 2008

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za | Blog: www.lytteltonoos.org.za/blog

SONDAG, 6 APRIL
Deurkollekte Noodlenigingsfonds
Inhandiging Kommissieverslae
09:00 Erediens: Freddie Schoeman

WOENSDAG, 9 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 10 APRIL
19:00 Ouderlinge vergadering

SONDAG, 13 APRIL
Sakelys Kerkraadsvergadering
09:00 Erediens:

MAANDAG, 14 APRIL
Skole heropen
19:00 Droomspan byeenkoms

DINSDAG, 15 APRIL
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 16 APRIL
17:00 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering
Inbetaling Diakonie

DONDERDAG, 17 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 20 APRIL
09:00 Erediens: Jacques Erasmus
09:00 Kinderediens
10:30 Geen tweede erediens
17:30 Jeugdiens (Kategese)
19:00 Mosaïek

DINSDAG, 22 APRIL
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 23 APRIL
17:00 Biduur

DONDERDAG, 24 APRIL
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 27 APRIL
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens:

MAANDAG, 28 APRIL
VAKANSIEDAG

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adolf Crafford, Hans Strijdomlaan 182 (664-1568) van wie beide niere verwyder is en wag op ‘n nieroorplanting (Wyk 09Aa).
2. Dolf en Rita Crafford, Hans Strijdomlaan 119 (664-3093) met Rita wat herstel na ‘n ernstige voetoperasie. (Wyk 13Aa).

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan Jan en Lilly van der Merwe, DF Malanln 12 (664-2583) met die afsterwe van ‘n suster van Lilly (Wyk 25Aa).

Ons bid julle toe die Here se vertroosting en nabyheid in oorvloed toe.

Sterkte ook aan julle met nog ‘n suster van Lilly wat ernstig siek is.

PINKSTERBIDURE

Teken nou reeds in jou dagboek aan:

Maandag 5 Mei 10:00 en 19:00
Dinsdag 6 Mei 10:00 en 19:00
Woensdag 7 Mei 10:00 en 19:00
Donderdag 8 Mei 10:00 en 19:00

JEUGBEDIENING HERONTWERP

Die bediening aan ons kinders en tieners het 'n nuwe aangesig!

Ons gaan in 'n groter mate as in die verlede staat maak op die gemeente se ondersteuning en agter-die-skerms insette.
Ons het die volgende ondersteuningsfunksies geïdentifiseer:

- Logistiek (toerusting, klank, onderrigmateriaal, skryfbehoeftes ens.)
- Administrasie (klaslyste, bywoningsregisters ens.)
- Kommunikasie (sorg dat almal betyds weet wat hulle moet weet.)
- Fondse (Begroting, bestuur, insameling)
- Feeste (reël aktiwiteite soos deur bediening benodig)

Die doel van hierdie ondersteuningsfunksies is om die bediening so effektief en vlot as moontlik te laat verloop.

Stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za of bel 084-581-8139.

Daar is nog steeds 'n ernstige behoefte aan mentors en kategete wat direk met die kinders en jonmense werk.

NUWE AANDDIENS

'n Nuwe volwaardige aanddiens is in wording! Vanaf 11 Mei 2008 vind daar elke Sondag om 18:00 'n aanddiens plaas waarheen die hele gemeente en gemeenskap uitgenooi word.

Ons hoop dat veral gesinne dit sal bywoon - daar sal ook 'n kuiergeleentheid vir ouers ná die diens ingerig word.
Die aandprogram sal soos volg daar uit sien:

- ♦ 18:00 - 18:45 Aanddiens
- ♦ 18:45 - 19:30 Kategese / Kuier
- ♦ 19:30 - 20:00 Speel / Kuier

Teken dit solank in julle dagboeke aan!

BERADINGSENTRUM

Daar word tans ernstig beplan en gewerk aan die daarstel van 'n beradingsentrum in ons gemeente gerig op die gemeenskap.

Op 12 April 2008 om 08:00 in die gemeentesentrum word 'n saam-praat geleentheid gereël vir almal wat vrae het, belangstel om te help of betrokke wil raak.

Die behoefte aan berading word al hoe groter en alhoewel goeie professionele hulp beskikbaar is, is dit dikwels baie duur en nie altyd vir almal toeganklik nie.

Indien jy die ontbyt wil bywoon, skakel 084-581-8139 of stuur 'n e-pos aan **lyttoos@mweb.co.za.** (R20 donasie ter delging van die onkoste)

(Alma Schoeman is opgeleide trauma berader vir kinders – kontak haar by 084-583-0565)

ONTDEK JOU TALENTE EN STERKPUNTE

Elkeen van ons het unieke talente van die Here ontvang!

Ons kan dit in 'n doek toedraai en in die grond begrawe soos die man in die gelykenis, of ons kan dit ontwikkel en uitbou.

Wat is jou talente? Dit kan iets wees soos:

- ♦ **Die vermoë om goeie verhoudings met mense te bou**
- ♦ **Die vermoë om projekte aan die gang te kry**
- ♦ **Die vermoë om te organiseer**
- ♦ **Die vermoë om gedissiplineerd te fokus**
- ♦ **Die vermoë om mense te help om hulle potensiaal te bereik**
- ♦ **Die vermoë om met nuwe idees vorendag te kom**
- ♦ **Talle ander ...**

Kyk na jou werkdag: is dit wat jy doen in lyn met jou talente of sterkpunte of is dit grootliks sleurwerk? As jy nie jou werk geniet nie is die kans goed dat jou pligte en verantwoordelikhede nie klop met jou talente en sterkpunte nie.

Indien jy jou talente wil ontdek en wil uitbou tot sterkpunte, kontak Freddie Schoeman

(Gebaseer op "Living you Strengths" - R180)

GEHOORSIFTING

Kom vir 'n gratis gehoorsifting.
As die resultate toon dat jy 'n moontlike gehoorverlies het, word 'n volledige gehoortoets gereël.

As jy dan vir 'n gehoorapparaat kwalifiseer, kan jy 'n gehoorapparaat leen en na 2 weke besluit of jy dit wil koop of teruggee.

SO MAKLIK SOOS DIT!!

Skakel Johleen/Douw by 0860 109 152 vir 'n afspraak in jou omgewing.

Gehoorsifting word geborg deur IMPACT HEARING SYSTEMS